

2 April (Goeie Vrydag)

Skrifgedeelte: Matteus 26:1–13

Fokusgedeelte: Matteus 26:2

Goeie Vrydag – ons Paaslam sterf op datum

Jesus het presies geweet dat Hy as Paaslam van God vir sondaars geslag moes word. Daarom kondig Hy hier aan dat Hy, die Seun van die mens, op Paasfees gekruisig sou word. Hy *kies* sy sterfdag, gehoorsaam aan sy Vader! Om die betekenis hiervan beter te snap, lees ook Eksodus 12:1-20.

Van die 14de tot die 21ste van die maand Nisan het Israel die fees van ongesuurde brood gevier. Op die eerste dag van hierdie fees is alle suurdeeg uit hulle huise verwyder. Dit was simbool van sonde (1 Kor 5:6-8). Dieselfde dag is 'n eenjarige skaap- of boklam sonder gebrek geslag. Teen die aand het hulle dit geëet en hulle kinders vertel van daardie nag in Egipte toe die Here Israel se lewe tydens die tiende plaag gespaar het. Die bloed van die lammetjie aan hulle deurkosen was die teken vir die doodsengel om daardie huis verby te gaan. Vandaar die naam van dié jaarlikse fees: *Pasga* (Paasfees) beteken *verbygaan*.

So red Jesus se bloed elkeen wat in Hom glo. Nie net simbolies nie, maar werklik. Ons hoef nooit meer vir ons sondeskuld met ons lewe te betaal nie! Toe Hy presies op 14 Nisan gekruisig is, het Hy die suurdeeg van sondeskuld uit ons lewe verwyder. Daarom het Hy die aand voor sy kruisiging die laaste Pasga met die eerste nagmaal vervang. Met elke nagmaal vier ons gereeld ons Paaslam se plaasvervangende offer.

Vandag is Goeie Vrydag, die dag waarop Christene wêreldwyd Jesus Christus se sterwe gedenk en vier. Sy sterwe, presies op datum, is ons sekerheid dat ons ook eendag sal wees waar Hy is (Joh 14:3). As jou kerk vandag 'n erediens hou, gaan dank Hom daar saam met die gemeente!

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2 (Sb 8)

Ds J Botha (Laeveld)